



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 9 DESEMBER 2020 OM 10:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Verkeer en Wetstoepassingsdienste, mnr R P Steyn
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, open die vergadering met skriflesing en gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 23 NOVEMBER 2020**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 November 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

6./...

6. MAANDVERSLAG: OKTOBER 2020

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

Die Voorsitter noem dat daar ondersoek ingestel moet word rakende die moontlikheid om na voorafbetaalde watermeters om te skakel.

Die Voorsitter spreek sy kommer uit teenoor die “Wheely Bins” loodsprojek. Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat hy besig is om data te versamel om die bedryfsimplikasie te bepaal.

Ten slotte noem die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste dat ‘n verslag rakende die “Wheely Bins” by die Portefeulje Komitee voorgelê sal word vir verdere bespreking.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder ten opsigte van Oktober 2020.

6.2 DIREKTORAAT: KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Korporatiewe Dienste ten opsigte van Oktober 2020.

6.3 DIREKTORAAT:FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Finansiële Dienste ten opsigte van Oktober 2020.

6.4 DIREKTORAAT: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Oktober 2020.

6.5 DIREKTORAAT: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/2/2/2-6)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Oktober 2020.

6.6 DIREKTORAAT: ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Oktober 2020.

6.7 DIREKTORAAT: BESKERMINGSDIENSTE

6.7.1 PRESTASIEBESTUUR

6.7.2 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.7.3 BRANDWEERDIENSTE (7/1/2/2-3)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat Beskermingsdienste ten opsigte van Oktober 2020.

7. NUWE SAKE

7.1 NOTULE VAN ‘N MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDIT-KOMITEEVERGADERING GEHOU OP 20 AUGUSTUS 2020 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as ‘n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 20 Augustus 2020 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

7.1/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 20 Augustus 2020.

7.2 BEGROTING VIR DIE ONDERHOUD VAN PROVINSIALE HOOFPAARIE: 2021/2022 FINANSIËLE JAAR (5/6/1/1/2)

Die beramings vir paduitgawes vir instandhouding en rehabilitasie op Provinsiale Hoofweë word jaarliks aan die Distrikspadingenieur voorgelê vir oorweging en goedkeuring. Hierdie inligting, tesame met die Raad se goedkeuring, moet aan die Distrikspadingenieur voorgelê word. Gevolglik word hierdie item aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê vir oorweging.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die begroting van uitgawes vir Provinsiale Hoofweë vir die 2021/2022 finansiële jaar goedkeur.

7.3 AANVAARDING VAN DIE WATERDIENSTE OUDITVERSLAG VIR 2019/2020 (7/1/2/2-4)

'n Waterdienste Owerheid moet 'n jaarlikse Ouditverslag vir Waterdienste opstel. Die doel daarvan is om verslag te doen aan die Departement van Water en Sanitasie oor die implementering van die Waterdienste Ontwikkelingsplan.

Die Ouditverslag vir Waterdienste is beskikbaar by die kantoor van die Direkteur van Siviele Ingenieursdienste, asook op die Swartland Munisipale webwerf.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Ouditverslag vir Waterdienste vir 2019/2020 goedkeur.

7.4 UITSTAANDE DEBITEURE: NOVEMBER 2020 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir November 2020.

7.5 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 November 2020 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.6 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VULLISVERWYDERINGVRAGMOTOR, CK38712 (8/1/B/2)

Die Munisipaliteit gebruik 'n vullisverwyderingsvragmotor met kompakteerder, CK 38712, in Moorreesburg om vullisverwyderingsdienste te lewer.

Komponente van die kompakteerder het onklaar geraak en is dit ingestuur na Transtech vir 'n inspeksie, aangesien Transtech die agent en oorspronklike verskaffer van die onderdele is. 'n Kwotasie van R 143 181,02 (BTW uitgesluit) is ontvang vir die vervanging van die lem van die kompakteerder.

Besluit/...

7.6/...

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die vullisverwyderingsvragmotor, CK38712, ter waarde van R 143 181,02 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die rede vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die vragmotor sou vir 'n lang periode buite werking gelaat word;
 - (ii) Dit sou gelei het tot 'n mislukking in die kapasiteit van vullisverwyderingsdienste en 'n gesondheidsrisiko inhou;
 - (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawes mSCOA-kode: 9/241-1253-709 toegeken is en dat daar voldoende finansiering beskikbaar is vir die gekwoteerde bedrag van R143 181.02 (BTW uitgesluit);
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer opdrag gegee word om bogenoemde rede op te neem as 'n aantekening by die finansiële state, wanneer dit opgestel word.

7.7 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEUR EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

BESLUIT

- (a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:
 - (i) 18 Desember 2020 tot 08 Januarie 2021 (14 dae);
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste vanaf 18 Desember 2020 tot 31 Desember 2021 sal waarneem as Munisipale Bestuurder;
- (c) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vanaf 4 Januarie 2021 tot 8 Januarie 2021 sal waarneem as Munisipale Bestuurder.

7.8 VERVANGING VAN VOORAFBETAALDE ELEKTRISITEIT VENDORSTELSEL OM VOORSIENING TE MAAK VIR DIE AANKOOP VAN ELEKTRISITEIT DEUR MIDDEL VAN 'N INTERNET GEBASEERDE TOEPASSING

Die bestaande munisipale stelsel maak nie voorsiening vir elektrisiteitsaankope deur middel van internetgebaseerde toepassings op private elektroniese toestelle nie, en ook nie deur kommersiële bank (ATM's) of handelsbanktoepassings nie. Daarbenewens kan die aankoop van voorafbetaalde elektrisiteit slegs by die beskikbare verkooppunte geskied met die inherente beperkings, bv. vaste bedryfstye wat lei tot onbeskikbaarheid tydens na-ure, fisiese bywoning is nodig en sekere verskaffers aanvaar slegs kontantbetalings.

Daarom is verskeie versoeke ontvang dat die vendorstelsel vir voorafbetaalde elektrisiteit opgegradeer of vervang moet word om aanlynaankope van elektrisiteit moontlik te maak. Die situasie word vererger deur die toepassing van die Covid-19 inperkingsmaatreëls deur vendors om die aantal besoekers te beperk. Sekere ander munisipaliteite en Eskom het reeds hul verkoopsistelsels omgeskakel om aanlynaankope van elektrisiteit moontlik te maak.

Besluit/...

7.8/...

BESLUIT

- (a) Dat 'n tender vir die oordrag van die voorafbetaalde elektrisiteitsrekeningdatabasis, administrasie daarvan en die verskaffing van vendordienste deur middel van internetgebaseerde toepassings nie in hierdie stadium aanvaar word nie as gevolg van die volgende oorwegings:
- (i) Daar is nie begroot vir die bykomende uitgawes in die meerjarige bedryfsbegroting nie;
 - (ii) Begrotingsbeperkings met betrekking tot die verswakkende ekonomiese vooruitsigte en ander dringende begrotingsvereistes laat nie enige ander addisionele bedryfsuitgawes toe nie;
 - (iii) Dit word nie as verstandig beskou om fondse vir die addisionele bedryfsuitgawe te herallokeer vanuit ander bronne van finansiering nie;
 - (iv) Die opsies om elektrisiteitstariewe te verhoog om die bykomende uitgawes deur hoër as normale elektrisiteitstariefverhogings in die toekoms te verhaal, is beperk;
 - (v) Die meerderheid van verbruikers wat gebruik maak van voorafbetaalde tipe elektrisiteit gaan nie baatvind by die omskakeling na internet gebaseerde toepassings nie, terwyl die verhoging in elektrisiteitstariewe wel op alle verbruikers 'n impak sal hê;
- (b) Dat die tenderaars in kennis gestel word dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee besluit het om nie enige tender te aanvaar nie.

7.9 TERUGVOERING VAN DIE SWARTLAND VEILIGHEIDSINISIATIEF

Swartland Munisipaliteit se Verkeers- en Wetstoepassingsdienste het 'n geïntegreerde benadering om veiligheid binne die munisipale gebied aan te spreek. Wat die saak betref, bestaan daar noue en suksesvolle samewerking tussen alle veiligheidsrolspelers. Die Swartland Veiligheidsinisiatief is gestig en kan gerapporteer word dat die Swartland Veiligheidsinisiatief steeds relevant en operasioneel is.

BESLUIT

- (a) Daar word kennis geneem van die inhoud van die verslag vir werk verrig tussen rolspelers en belanghebbendes van die Swartland Veiligheidsinisiatief;
- (b) Daar word kennis geneem van die feit dat die Swartland Veiligheidsinisiatief in 2021 herstruktureer sal word om die Swartland Gemeenskapsveiligheidsforum te word.

Rdh T van Essen sluit die laaste Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering van 2020 af met 'n boodskap van hoop gegrond op uitdagings en moeilike omstandighede wat gedurende 2020 almal se persoonlike lewe en werksomgewing beïnvloed het en met die hulp van die Hemelse Vader oorkom is.

Rdh Van Essen bedank mede raadslede en die bestuurspan vir hul kundigheid, harde werk en ondersteuning gedurende 2020.

Rdd Goliath bedank die Uitvoerende Burgemeester, mede raadslede en die bestuurspan vir hulle harde werk en ondersteuning gedurende 2020.

Die Munisipale Bestuurder bedank die raadslede namens die bestuurspan vir hulle ondersteuning en wens almal vreugde, vrede en seën toe.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**